

**Bladsy  
Page**

**INHOUD/CONTENTS**

- 7 Diospyros — *P.C. Zietsman*
- 8 Videoprogramme in Museums —  
*H.J.M. Lamprecht*
- 9 Die Klein gekolde kat — *J.P. Watson*
- 10 Die Vrystaat Provinsiale blom —  
*L. Zietsman*
- 11 An exciting, over 240 million year old, fossil  
discovery for museum — *B.C. Rubidge*
- 12 Die Oranjerivierkolonie — *D.A. v.d. Bank*
- 15 A rare find: The Variable Quill-snouted snake—  
*C.D. Lynch*
- 16 'n Dame met 'n besondere uitrusting —  
*A.C.M. Coetzer*
- 19 The mouths of babes — *R.M. Douglas*
- 20 Die Bontpootbosluis en Kongo-koors —  
*E. Pieterse*
- Florisbad: 'n Kampeerterrrein van meer as 40 000  
jaar oud — *J.S. Brink*
- 24 Insect champions — *S. Louw*
- 25 Die sosiale gedrag en ekologie van die Swartpiek —  
*J.J. Herholdt*
- 26 Klipmure vertel verhale — *J.J.B. Dreyer*
- 29 African Headrests — *S. Bishop*

Museumnuus is 'n gratis ses-maandelikse nuusbrieff van die Nasionale Museum, Posbus 266, Bloemfontein, 9300. Tel. (051) 79609. Enige foto's of inligting in hierdie nuusbrieff mag met erkenning van die bron gereproduseer word.

Museum News is a free bi-annual newsletter of the National Museum, P.O. Box 266, Bloemfontein, 9300. Tel (051) 79609. Any photographs or information published in this newsletter may be reproduced with acknowledgement of the source.

**VOORBLAD/FRONT COVER —**

Houtpop/Wooden doll  
deur/by

Mej./Miss L.M. Pretorius

**Redaksie/ Editorial staff**

Mev./Mrs H.J.M. Lamprecht

Dr C.D. Lynch

Dr C.M. Engelbrecht

Dr S. Louw

Mnr./Mr J. Haasbroek

Mej./Miss M.C. Genis

(Kunstenaar/Artist

Mevv./Mmes H. de Villiers

I. van Rooyen

(Setwerk/Typesetting

Mnr./Mr S.J. Greyling

(Fotograaf-Drukker/

Photographer-Printer)

Mnr./Mr L.W. v.d. Merwe

(Taalversorger/Language Adviser)

**REDAKSIONEEL**

Daar bestaan ou en nuwe idees omtrent wat 'n museum nou eintlik is. In 1727 het Caspar F. Reichel in sy *Museographia* 'n museum beskryf as 'n "chamber of treasures — rarities — objects of nature — of art, and of reason". Dr. Samuel Johnson's *Dictionary* (1755) verklaar die term as "a Repository of learned Curiosities". Die moderne definisie soos in 1970 deur "The American Association of Museums" gedefinieer lui: "An organized and permanent nonprofit institution, essentially educational or aesthetic in purpose, with professional staff, which owns and utilizes tangible objects, cares for them and exhibits them to the public on some regular schedule"

Daar het dus oor die jare heen 'n merkbare klemverskuiwing plaasgevind. Daar word nou deur wetenskaplikes navorsing onderneem en 'n museum is nie langer net 'n bewaarplek van rariteite en seldsame voorwerpe nie. Die museum is ook nie langer net toeganklik vir 'n paar nuuskieriges of intellektueles nie. Aan die publiek word nou spesifieke dienste gelewer wat hulle die kans bied om in 'n ontspanne atmosfeer onbewustelik kennis op te doen. Die nuutste toevoegings tot museums in die verband is wetenskapsentrums en ook "discovery rooms" waar die publiek toegelaat word om voorwerpe te hanteer en selfs feite daaromtrent uit rekenaars te bekom. Dié benadering is baie gewild veral onder die jeug, omrede die besoeker nou nie net vol feite geprop word nie maar aktief deelneem aan die leerproses.

Elke museum wat dus áktief navorsing doen en ook die moderne tegnologie inspan en benut om die publiek se belangstelling te prikkel het 'n bestaansreg en voldoen aan die jongste definisie van 'n museum.

Alhoewel daar 'n groot klemverskuiwing in museums plaasgevind het, is die grootste struikelblok by museums in Suid-Afrika nog steeds om die perd (synde die publiek) by die water te kry. As hy daar is, sal ons (die museums) hom wel kry om te drink.



**H.J.M. LAMPRECHT**